

Vrydag 3 April

Skrifgedeelte: Markus 1:16-20

Fokusgedeelte: Markus 1:20 (1983-vertaling)

Die bediening van die koninkryk aan mense

Jesus het gewone vissers na Hom toe geroep. Gewone mense met 'n Jongewone opdrag. "Volg My." Die krag van die Gees het hulle só oorweldig dat hulle in opgewonde gewilligheid, sonder teenkating, die roepstem van Jesus gehoorsaam.

Die aangrypende van sy geroepenes is dat hulle as mense geroep word om God se koninkryk op aarde aan ander te verkondig. Die wonder van die Woordbediening is dat Jesus mense roep en gebruik om sy koninkryk uit te dra. Dit is die eerste saak wat die geroepene moet verstaan.

Die reaksie van die mense in ons gelese gedeelte op die roeping, val die leser dadelik op. Daar was geen voorwaardes gestel nie, daar was nie eers 'n navraag nie. 'n Gewillige tevredenheid en gehoorsaamheid aan die roepstem wys vir ons dat hulle hierdie stem gesagvol en bindend ervaar.

Die instemming was verder ook onmiddellik. So moet almal wat deur Christus uitgenooi word, reageer. Daar moet nie 'n oomblik gemors word om hierdie eerbare pad te kies nie, want dit is 'n oomblik om te begeer en met blydskap aan te gryp.

Die dissipels se reaksie wys ook vir ons iets van selfopoffering. Hulle laat hulle boot en nette, hulle beroep en selfs van hulle familie agter. Dit alles net om Jesus te kan volg. Hierdie roeping van die eerste dissipels leer reeds vir ons die opregte liefde, oorgawe en geesdrif wat by al Jesus se volgelingen teenwoordig moet wees.

Jesus as Roeper gee vir jou 'n roeping – so word jy 'n visser van mense.

Sing: Psalm 66-1:7

Ds. CB Swanepoel (Christo) (Lyttelton)